



**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**  
**BYBELKENNISEKSAMEN – 2022**

**GRAAD 6 – VRAESTEL**

| <b>BESTEK</b>         |                                                        |
|-----------------------|--------------------------------------------------------|
| <b>Ou Testament</b>   | Exodus 7-9                                             |
| <b>Nuwe Testament</b> | Matt 22:1-14; Lukas 10:25-37; 11:5-13; 13:6-9; 14:7-14 |
| <b>Les</b>            | Les 1-9                                                |

**AFDELING A: Ex 7-9**

**Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:**

- 1.1 Wie hart sou verhard word wanneer Moses met hom praat? (Ex 7:3)  
a) Aäron (b) die koning (c) Farao (d) die profeet
- 1.2 Wat het Aäron op die grond gegooi om 'n slang te word? (Ex 7:9)  
a) water (b) sy kleed (c) bloed (d) sy staf
- 1.3 Wat was die eerste plaag? (Ex 7:17)  
a) sprinkane (b) water in bloed (c) water het opgedroog (d) droogte
- 1.4 Wat sou die Egiptenare teister en hulle beddens klim? (Ex 8:2-3)  
a) die Israeliete (b) paddas (c) die towenaars (d) slange
- 1.5 Wat het Aäron geslaan en dit het in muskiete verander? (Ex 8:16)  
a) 'n klip (b) die Nyl (c) stof (d) die paddas

**Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:**

**trek; drie, towenaars; Hebreërs; Goosen**

- 2.1 Maar die A het dieselfde gedoen... en paddas laat opkom oor Egipteland. (Ex 8:7)
- 2.2 So spreek die Here: Laat my volk B dat hulle my kan dien. (Ex 8:20)
- 2.3 Maar ek sal op die dag met die land C ...'n uitsondering maak. (Ex 8:22)
- 2.4 Laat ons D dag reise ver die woestyn intrek. (Ex 8:27)
- 2.5 So spreek die Here die God van die E ... (Ex 9:1)

**Vraag 3**    **Sê of die volgende Waar of Vals is.**  
**Vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 3.1    Almal se vee in Egipte het doodgegaan met die vyfde plaag (Ex 9:4)
- 3.2    Moses en Aäron moes handevol roet uit die oond neem met die swere. (Ex 9:8)
- 3.3    Die towenaars kon weereens ook die swere veroorsaak (Ex 9:11)
- 3.4    Alle diere en mense wat nie binne was nie sou met weerlig getref word (Ex 9:19)
- 3.5    Farao het hierna geluister en die volk laat trek (Ex 9:35)
- 3.6    Die vlas en die gras was weggeslaan (Ex 9:31)
- 3.7    Maar die koring en die spelt was nie weggeslaan nie (Ex 9:32)
- 3.8    Farao het geluister en sy slawe en vee laat in kom (Ex 9:21)
- 3.9    Farao het gevra die paddas moet teen die aand uitgeroei word (Ex 8:9-10)
- 3.10    Moses was 80 jaar oud toe hulle met Farao gespreek het (Ex 7:7)

**20 Punte**

AFDELING B: Matt 22:1-14; Lukas 10:25-37; 11:5-13; 13:6-9; 14:7-14

**Vraag 4**    **Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:**

- 4.1    Jesus het weer deur \_\_\_\_\_ met hulle begin spreek (Matt 22:1)  
(a) Johannes                      (b) die profete                      (c) sy Woord                      (d) gelykenisse
- 4.2    Die diensknegte moes mense nooi na die \_\_\_\_\_ (Matt 22:4)  
(a) bruilof                      (b) begrafnis                      (c) ete                      (d) erediens
- 4.3    Die diensknegte is gegryp en \_\_\_\_\_ (Matt 22:6)  
(a) klere gegee                      (b) dankie gesê                      (c) weggejaag                      (d) mishandel en doodgemaak
- 4.4    Die bruilof is gereed, maar die genooies was \_\_\_\_\_ (Matt 22:8))  
a) besig                      (b) hartseer                      (c) laat                      (d) nie werd nie
- 4.5    Die een sonder 'n bruilofskleed is in die \_\_\_\_\_ gewerp (Matt 22:12-13)  
(a) buitenste duisternis                      (b) tronk                      (c) see                      (d) woestyn

**Vraag 5**    **Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:**

**naaste; liefhê; krag; hart; siel**

- 5.1    Jy moet die Here jou God   **A**   uit jou hele   **B**   en uit jou hele   **C**   en uit jou hele   **D**   en uit jou hele verstand, en jou   **E**   soos jouself (Luk 10:27)

**Vraag 6**    **Sê of die volgende Waar of Vals is.**  
**Vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 6.1 Jesus sê “Wie sal na sy vriend gaan en vra om drie brode te leen?” (Luk 11:5)
- 6.2 ‘n Vader gee aan sy seun ‘n slang wanneer hy vra vir brood. (Luk 11:11)
- 6.3 Daar was geen vrugte aan die vyeboom in die wingerd nie (Luk 13:6)
- 6.4 Die man wou die vyeboom uitkap (Luk 13:7)
- 6.5 Wanneer jy genooi is na ‘n bruilof moet jy in die voorste plekke gaan sit (Luk 14:7)
- 6.6 Elkeen wat homself verhoog, sal verneder word (Luk 14:11)
- 6.7 Wanneer jy ‘n feesmaal gee nooi armes, verminktes, kreupeles, blindes (Luk 14:13)
- 6.8 ‘n Man het van Jerusalem na Jerigo gereis toe hy aangeval is (Luk 10:30)
- 6.9 Die priester het die man onmiddelik gehelp (Luk 10:31)
- 6.10 Die Samaritaan het die man se wonde verbind en hom gehelp (Luk 10:34)

---

**20 Punte**

|                     |
|---------------------|
| AFDELING C: Les 1-9 |
|---------------------|

**Vraag 7**    **Sê of die volgende Waar of Vals is.**  
**Vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 7.1 Dawid was ‘n skaapwagter. (Les 1)
- 7.2 Die terugvind van ‘n penning bring groot blydschap. (Les 2)
- 7.3 Die verlore seun se vader was glad nie bly toe hy huis toe kom nie. (Les 3)
- 7.4 Die oudste broer was bly toe sy jonger broer huis toe kom. (Les 4)
- 7.5 Die Samaritaan het die Jood gehelp wat in nood was. (Les 5)

**Vraag 8**    **Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:**

**kort; reine; swakheid; kind; koning**

- 8.1 As Jood is hy tog \_\_\_\_\_ van Abraham. (Les 6)
- 8.2 “Een ding” sê Jesus “kom jy \_\_\_\_\_”. (Les 7)
- 8.3 “Ag kon maar ‘n \_\_\_\_\_ voortkom uit ‘n onreine”. (Les 8)
- 8.4 ‘n Koninkryk is ‘n ryk of ‘n gebied waar ‘n \_\_\_\_\_ heers. (Les 9)
- 8.5 Ek is so dankbaar dat die Here my \_\_\_\_\_ so goed begryp en Hy weet dat saam met die gebed om brood elke dag. (Les 9)

---

**10 Punte**

**Totaal: 50 Punte**